**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 2 EENHEID 5: WAARDE, PRYS EN NUT**

***MEMORANDUM***

Jamie aan die woord: "Die 50% korting wat die kitskosonderneming SCREAMING CHICKEN op hoenderboudjies aangebied het, het ek en vriend Fanie heelwat hoenderboudjies laat eet. Ek het eers vier boudjies geëet, daarna nog drie en toe twee en 'n bietjie later 'n laaste een. Ek het toe nie kans gesien vir nog een nie al was die prys baie laag. Fanie het ook begin met vier boudjies, maar het daarna net nog twee geëet. Ek was reeds grootliks versadig na die sewende boudjie. Die volgende twee het ek maar langtand geëet en na die laaste een sou ek niks verder kon eet nie, al het hulle die prys verder verlaag".

1 **Wat het Jamie en Fanie gemotiveer om meer hoenderboudjies as normaalweg te eet?**

Die lae prys.

2 **Jamie het toenemend minder hoenderboudjies geëet. Beskryf hierdie verskynsel in terme van nut.**

Addisionele hoenderboudjies het al minder nut vir hom gehad.

3 **Op watter stadium het nog hoenderboudjies nie vir Fanie meer nut gehad nie?**

Na die eet van die sesde hoenderboudjie.

4 **Watter kenmerk van nut kom voor in die feit dat Jamie tien boudjies geëet het en Fanie net ses?**

Die nut van 'n produk verskil van persoon tot persoon.

5 **Wat word die waarde wat die hoenderboudjies vir die twee persone gehad het ook genoem?**

Gebruikswaarde.

6 **Die laer prys van die hoenderboudjies het daartoe gelei dat dit gou uitverkoop was. Wie was in kompetisie met mekaar om hoenderboudjies te bekom?**

Die verbruikers van hoenderboudjies.

7 **Hoe word die nut wat 'n produk vir 'n persoon het gemeet?**

Dit kan nie gemeet word nie.

8 **Met die eet van die hoenderboudjies het die opeenvolgende eenhede wat geëet is al minder nut gehad. Wat word hierdie verskynsel genoem?**

Dalende grensnut.

9 **Hoe word die waardes van verskillende produkte vergelyk?**

Met behulp van die markpryse van die verskillende produkte.

10 **Wat is die verband tussen nut en prys?**

Net nuttige produkte het pryse.